BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

20c — Vrydag 20 Junie 1980 — WINDHOEK — Friday 20 June 1980 — No. 4183

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

N. J. DAVIN
*Sekretaris van die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika*

Windhoek

---

No. AG. 68 — 20 Junie 1980

AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979 (Proklamasie AG. 21 van 1979), deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 19 van daardie Proklamasie:-

No. 8 van 1980 Finansiewet, 1980

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

N. J. DAVIN
*Secretary of the National Assembly of South West Africa*

Windhoek

---

No. AG. 68 — 20 June 1980

PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

The following Act, which has been adopted by the National Assembly of South West Africa and signed by the Administrator-General in terms of the National Assembly Proclamation, 1979 (Proclamation AG. 21 of 1979) is hereby published in terms of section 19 of that Proclamation:-

No. 8 of 1980 Finance Act, 1980

Wet No. 8, 1980

**FINANSIEWET, 1980**

*(Engelse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 18 Junie 1980)*

# WET

**Om voorsiening te maak vir die omskepping van leningskuld van die Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika in permanente kapitaal; vir die vrystelling van genoemde bank van die betaling van rente op 'n sekere bedrag geld; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika, soos volg:-

Omskepping van leningskuld van Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika in permanente kapitaal.

1. (1) Die gelde in die voorbehoudsbepaling by artikel 19(2) van die Landbankwet, 1944 (Wet 13 van 1944), bedoel, word geag as permanente kapitaal aan die Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika beskikbaar gestel te wees en bedoelde gelde is nie terugbetaalbaar nie en, ondanks die bepalings van genoemde artikel 19(2), is geen rente ten opsigte van bedoelde gelde betaalbaar nie.

(2) Die bepalings van subartikel (1) word geag op 1 April 1980 in werking te getree het.

Vrystelling van Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika van betaling van rente op 'n sekere bedrag geld.

2. (1) Ondanks die bepalings van artikel 19(2) van die Landbankwet, 1944 (Wet 13 van 1944), is geen rente betaalbaar nie op die bedrag van R7 000 000 wat ingevolge artikel 19(1)(b) van genoemde Landbankwet, 1944, deel van die fondse van die Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika uitmaak en wat aan hom betaal is uit geld wat kragtens die Addisionele Begrotingswet, 1979 (Wet 8 van 1979), en die Tweede Addisionele Begrotingswet, 1979 (Wet 17 van 1979), deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika, bewillig is.

(2) Die bepalings van subartikel (1) word geag op 18 September 1979 in werking te getree het.

Kort titel.

3. Hierdie Wet heet die Finansiewet, 1980.

**FINANCE ACT, 1980** **Act No. 8, 1980**

*(English text signed by the Administrator-General on 18 June 1980)*

# ACT

**To provide for the conversion of loan liability of the Land and Agricultural Bank of South West Africa into permanent capital; for the exemption of the said bank from the payment of interest on a certain amount of money; and for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the National Assembly of South West Africa, as follows:-

Conversion of loan liability of Land and Agricultural Bank of South West Africa into permanent capital.

1. (1) The moneys referred to in the proviso to section 19(2) of the Land Bank Act, 1944 (Act 13 of 1944), shall be deemed to have been made available to the Land and Agricultural Bank of South West Africa as permanent capital and such moneys shall not be repayable and, notwithstanding the provisions of the said section 19(2), no interest shall be payable in respect of such moneys.

(2) The provisions of subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 1 April 1980.

Exemption of Land and Agricultural Bank of South West Africa from payment of interest on a certain amount of money.

2. (1) Notwithstanding the provisions of section 19(2) of the Land Bank Act, 1944 (Act 13 of 1944), no interest shall be payable on the amount of R7 000 000 which in terms of section 19(1)(b) of the said Land Bank Act, 1944, forms part of the funds of the Land and Agricultural Bank of South West Africa and which was paid to it from money appropriated under the Additional Appropriation Act, 1979 (Act 8 of 1979), and the Second Additional Appropriation Act, 1979 (Act 17 of 1979), by the National Assembly of South West Africa.

(2) The provisions of subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 18 September 1979.

Short title.

3. This Act shall be called the Finance Act, 1980.